

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 238

(Geen datum)

God ... die mens ... en gebed

* * * * *

"Ek roep U aan, o Here"

(Psalm 28:1)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Wat is dit . . .

. . . om te bid?

Om te bid

. . . is om met God te praat

. . . met Hom te kommunikeer

. . . aan Hom jou behoeftes te *openbaar*

. . . Hom te loof en te prys!

Gebede het spontaan ontstaan

* Dis deel van jou mens-wees

* Dis by jou ingeskape

In Genesis 1 en 2 lees ons hoedat God en mens met mekaar in gesprek was . . .

— hoedat hulle gekommunikeer het . . .

En toe

. . . Genesis 3 ... Sonde!!

. . . Genesis 4 ... Moord!

Dan lees ons in Genesis 4:26:

"Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep!"

Wat doen God?

Hy hoor my gebede

Gebed het moontlik vir jou 'n hopelose saak geword? Dalk wonder jy of dit nog enigsins die moeite werd is om te bid? Jy kan dalk getuig dat jou gebede nie verhoor word nie? Dit voel miskien of jy teen die plafon vasbid?

Hierteenoor is daar tog ook baie wat getuig dat hulle gebede verhoor word, soos byvoorbeeld Dawid, wat in Psalm 28 na 'n gebedsworsteling dit uitroep:

"Geloof sy die Here, want Hy het die stem van my smeking gehoor."

Hoe dan nou, verhoor God net sekere gebede en ander nie? Ja inderdaad. Die volgende is daarom noodsaaklik om te weet.

- * Eerstens is dit belangrik om te weet vir *wie* jy bid. Gebede wat nie tot God gerig is nie, word nie deur Hom verhoor nie. Nog erger, sulke gebede word glad nie verhoor nie. Buiten God is daar tog geen ander god nie. In Psalm 115 word met die afgode gespot omdat hulle 'n mond het, maar nie kan praat nie. Hulle het oë, maar sien nie. Hulle het ore, maar hoor ook nie.

Dawid bid tot die enige ware God as hy sê: **"Ek roep U aan, o Here!"**

(Psalm 28:1). Met die benaming "Here", laat blyk Dawid dat hy God nie net ken nie, maar ook met 'n persoonlike band van liefde aan Hom verbind is. Met hierdie Naam het God Homself immers in liefde aan sy kinders bekend gemaak.

As jy God reg ken sodat Hy al jou persoonlike liefde en toewyding ontvang, kan jy ook soos Dawid, Hom met jou hart vertrou. Dan kan **jy seker wees dat Hy jou gebede sal verhoor.**

- * Tweedens leer ons by Dawid dat hy presies weet *waarvoor* hy moet bid. Dawid is in nood en hy smeek om verlossing. Dawid is bewus van sy omstandighede, daarom gaan dit in sy gebed nie om kleinlike persoonlike voorkeure nie.

Ken jy jouself en is jy wel deeglik bewus van jou omstandighede wanneer jy bid? Ken jy jou grootste nood, naamlik jou sondenood waarmee jy ook voor die aangesig van die ewige dood staan? As jy jou sonde reg ken en jou in ootmoed tot God wend en smeek om verlossing, kan jy verseker wees dat Hy in Christus jou gebed sal verhoor.

- * Derdens leer ons dat Dawid verseker was van God se *verlossing*. Sy gebed was nie twyfelagtig nie. Hy stel dit so duidelik: **"Hy is 'n vesting van verlossing vir sy gesalfde"**.

In Jesus Christus wat alles volbring het aangaande ons verlossing, wat daarvoor aan die kruis op Golgota betaal het, kan en moet jy nou seker wees dat God geen swygende God is, vir dié wat op Hom vertrou en tot Hom bid nie.

Die vereiste is dat jy Jesus Christus in die geloof sal omhels as jou volkome Verlosser, wat ook jou Middelaar is tot God die Vader. Deur sy Gees deurbreek Hy alle plafonne en kom tot in die hart van sy kinders.

Elke gelowige wat so bid moet dus saam met Dawid God loof en sê: **"Geloofd sy die Here, Hy verhoor my gebede!"**

Ds. Sarel Cilliers

Hoé... en wat moet ek bid?

Ons Saligmaker en Verlosser leer ons tog bid!

Onse Vader wat in die hemele is, Laat U Naam geheilig word . . Laat U Koninkryk kom . . .
Laat U wil geskied

— soos in die hemel

— net so ook op die aarde . . .

Gee ons vandag ons daaglikse brood . .

En vergeef ons, ons skulde . . .

— soos ons, ons skuldenaars vergewe; En lei ons nie in versoeking nie, Maar verlos ons
van die bese.

Want . . . aan u behoort die Koninkryk . . .

en die krag . . .

en die heerlijkheid . .

— tot in ewigheid!

Amen

Hoe behoort 'n mens te reageer op 'n verhoorde gebed?

Selfs die mees geharde en onverskilligste mens bid by geleentheid! Jy sê jy glo dit nie? Dink weer 'n bietjie.

Wat van die robuuste soldaat of vloekende matroos wat skielik van aangesig tot aangesig met die dood kom? Is sy laaste uitroep voor hy die ewigheid instort nie dikwels: "O, my God...!" nie, of: "Help my, Here!"

En daardie woorde is duidelik 'n GEBED!

Al wat ons nie weet nie, is of hierdie gebede verhoor is of nie. Het God op die roepstem gereageer; het die Here gehelp? Die vrae kan slegs deur God beantwoord word en sal in die ewigheid aan ons geopenbaar word.

Miskien was jy al in so 'n posisie. Jy het nog altyd gespog dat jy die Here en sy kerk nie nodig het nie, dat jy self kan regkom, dankie. Totdat magte groter as jy, jou in doodsangs op die rand van 'n afgrond gebring het en jy in jou benoudheid tot die Here geroep het om hulp.

En die wonderlikste van alles is dat Hy jou roepstem gehoor en jou gebed verhoor het!

Wat was jou reaksie op daardie verhoorde gebed?

- Jy kon in koue onverskilligheid die skouers opgehaal en gesê het: "So what!" en eenvoudig die Here geïgnoreer het deur voort te lewe asof daar niks gebeur het nie en asof dit maar net jou gelukkige dag was — jy glo mos nie dat daar 'n God en 'n hemel is nie. Die Bybel is mos maar net 'n storieboek om kinders mee bang te praat!
- Jy kon vir 'n paar dae probeer het om 'n nuwe blaadjie om te slaan en soos 'n "convert" te probeer lewe. Maar nie lank nie of jy het maar weer teruggeval in die "lekker dinge van die lewe" — sonder God en met die manne.
- Dalk is jy een van die geseëndes wat deur hierdie enkele verhoorde gebed die dringende roepstem van die Here, wat mag het oor lewe en dood, gehoor het; in die evangelie van Jesus Christus, die Rabbi van Nasaret, begin glo het — die Een in Wie God Sy liefde vir die wêreld bewys het, en wat bereid was om in my plek (sondaar soos wat ek is) te sterf en my skuld te betaal!

Dan het hy gereageer soos duisende dankbare verlore kinders van God voor jou! Dan het hy 'n innerlike vreugde en vredevolle blydschap belewe wat nie anders kan as om in woorde uiting te vind nie. Dan het hy 'n drang om aan andere te vertel van die wonder wat met jou gebeur het.

Dan soek jy in die Bybel na woorde wat jy kan gebruik om die Here mee te loof, soos in die onderstaande Psalm van Dawid wat so duidelik bedoel is vir 'n geval soos joune:

"U het my gebed verhoor! Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys. "Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!"

(Psalm 22:22-24).

God roep jou. Luister aandagtig na Sy stem. Bid tot Hom wat mag het om jou te red uit die mag van die Satan, die sonde en die dood!

Soek jou heil by Sy ander kinders en **prys hom vir jou verhoorde gebede!**

Doen dit en jy sal lewe!

Ds. F.J. du T. Lessing